VOORSITTER SE JAARVERSLAG 2017/2018

Vriende, dit is vir my ‘n voorreg om aan u my jaarverslag te kan lewer wat handel oor ons tak se werksaamhede van die afgelope jaar.

Met die aanvang van die kalenderjaar het die bestuur ‘n werkswinkel gehou met die doel om meer gefokus te wees en nuwe uitdagings daar te stel. Dit het gelei tot ‘n paar drastiese veranderinge soos onder andere die nuwe takskiet formaat, ‘n meer toeganklike en veiliger Venue vir ledevergaderings, en die opknapping van ons tak se identiteit onder andere met nuwe takhemde waarvan daar al meer as 90 verkoop is.

Die veranderinge het ‘n positiewe uitwerking op meeste van ons lede gehad wat duidelik blyk uit die groter belangstelling, betrokkenheid en deelname van ons lede.

Daar is selfs ‘n oplewing en betrokkenheid van lede wat ons nóóit in ons wildste drome sou kon raai nie.

Baie dankie hiervoor.

Membership

The paid-up members stood at **1177** (1212) of which **276** (293) or around 23% of all members are English speaking.

Ledetal sluit die **83** (97) Lede in wat nóg nie hulle lidmaatskap fooie vir die volgende jaar betaal het nie.

Gedurende die afgelope jaar sluit **69** (65) Nuwe lede by die tak aan waarvan **19** (24) sedert Huntex was. Ongelukkig het daar ook **20** (23) lede Bedank.

Van ons totale ledetal is **421** (426) Toegewyde Jagters en **164** (154) Toegewyde Sportskuts waarvan **96** (96) lede beide statusse het.

We have **41** (28) Range Officers in the branch of whom 30 are actively involved. This is high compared to only half or 16 in the previous year and even less in the years before that – further proof an increase in member’s activity for period under review. Thank you to these members who are always willing to give up their own shooting so that we can enjoy our shoot days.

Behalwe vir Desember bied die tak 2 vaste byeenkomste aan elke maand, naamlik ‘n Ledevergadering en ‘n Formele Skietdag.

Bywoning van Ledevergaderings wissel tussen 60 en 110 lede en die hoër syfer is te danke aan die nuwe Venue.

Vanaf Februarie het ons weggedoen met formele en sosiale aande en sodoende is daar geen verskil in die program van die ledeaande nie.

Ons was gelukkig om sprekers vir elk van die vergaderings te kon hê.

Daar was **11** (8) Bestuurvergaderings gehou en die Voorsitter verteenwoordig die Tak by **1** (1) Nasionale Tak Voorsitters Forum.

In November het **5** (5) Bestuurslede die Jaarlikse Kongres bygewoon.

In Mei het ons streek se Takbesture deelgeneem aan die jaarlikse werkswinkel wat saam met afgevaardiges van Hoofkantoor gehou word. Daar was oor ‘n verskeidenheid van sake gesels soos onder andere, opleiding, ledesake, skietsake ensovoorts.

As previously mentioned, from 27 February 2018 the Venue for our monthly members meeting moved to the Florida-North Bowls Clubhouse and members unanimously agreed that the meeting still start at 18h30 for 19h00.

The move was considered necessary due to increasing peak-traffic congestion on Main Reef Road in particular around the traffic circle near Durban Deep and the negative perception of safety after-hours. We needed to find a new venue which was more accessible to great number of our members.

The facilities are excellent with ample fenced parking, braai facilities, social area, a cash bar and assembly hall. Unfortunately members are not allowed to bring their own drinks but they can buy it from the bar at club prices.

Our move to this Venue saw numerous old members returning to the ever popular members meetings.

Ek is seker julle sal met my saamstem dat hierdie een van die hoogtepunte was gedurende hierdie jaar se werksaamhede.

New members also fit in seamlessly.

Shooting Activities

From 17 February 2018 the shoot day activities were changed in such a way that between 08h00 – 10h00 only hunting shoot exercises were presented on the main range. Members did bench shooting only after completion of these shooting exercises.

The entire main range was be used to allow members shooting in details of ±15 shottists at a time during the presented table - all at the same time. Members could participate in any table and there was only one opportunity per table on the day to do so.

When there were numerous participants, we ran more than one detail in order to allow everyone to have at least one chance to participate.

Participating members were granted the opportunity to sight-in their rifles between 07h20 – 07h50. Range Officers oversaw and managed the sighting-in. The long wait to shoot a table has now been eliminated and the demand for many Range Officers on our shoot days was reduced quite a lot.

Daar was **9** (9) formele skietdae aangebied, 'n 10de een was in Mei toe ons tak se jaarlikse Intertak Uitdaagspanskietkompetisie vir die streek aangebied het en die 11de was opgeneem in Oktober vir die jaarlikse Intertak Haelgeweerskiet.

Bywoning van skietdae was oor die algemeen baie goed en het gewissel tussen 50 tot 120 skuts.

Soos te wagte kan wees, wanneer die jagseisoen nader kom, groei die bywoning heelwat.

Tydens al die Formele skietdae was skietoefeninge aangebied sodat balkies geskiet kan word en dan ook ten einde te voldoen aan die Sportskiet vereistes.

Hierdie skietoefeninge het ingesluit; Handwapens, Randslag, Bosveld (oop visier ook), Rooibok (met en sonder rus), Grootkaliber, Vlakvark, Jagboog en Haelgeweer.

Daar is 'n volgehoue oplewing in die deelname aan georganiseerde skiet. Die bewys hiervan is die groot aantal balkies wat maandeliks geskiet word.

Daar is **104** (147) balkies geskiet en ons tak beskik nou oor **11** (10) Groot Vyf (5 goue balkies) skuts.

Dit is was aangenaam om met **6** (5) skietspanne aan die streek se President en Intertak Spanskietkompetisie deel te kon neem.

Dit het plaasgevind te Gatsrand tesame met ons bure, Tembo en Transvaaltakke.

Dit is te danke aan die deurlopende deelname aan die amptelike skietoefeinge wat die inskakakeling by die skietspanne moontlik gemaak het.

Van die spanne het ook aan 'n verdere **5** (3) Intertakskiette deelgeneem en in Maart kon ons tak met 7 spanne (35 skuts) aan die Oosrandstreek se kompetisie deelneem.

'n Hartlike dank aan al die lede wat as individue en spanne aan hierdie kompetisies deelgeneem het.

Ons wil steeds voortbou op die goeie fondasie wat reeds gelê is met die skietspanne en in die nuwe jaar onsself meer toe spits om junior deelname te bevorder.

Op individuele vlak met die Streek President Skietkompetisie het twee van ons skuts vir die Platinum balkies gekwalifiseer, Hendrik de Kock en Raymond Hoffmann. Baie geluk met hierdie uitsonderlike prestasie. Ook wil ek vir al die ander skuts wat deelgeneem het sê, baie dankie en geluk met elk van jul se individuele prestasie. Julle was almal wenners deur net deel te neem.

Ons tak het in Mei die jaarlikse Intertak Uitdaag Spanskietkompetisie vir ons streek aangebied en was weereens uitstekend verteenwoordig. Wesrand het **9** (10), Transvaal **3** (3) en Tembo **2** (2) spanne ingeskryf, dus, **70** (70) skuts altesaam wat dieselfde was as in die vorige jaar.

Die kompetisie is gewen deur Wesrand A, gevolg deur Transvaal Slingervelle in die tweede plek en die Transvaal Voorlaaiers in die derde plek. Hierdie skietkompetisie is beslis ‘n groot aktiwiteit op die tak se jaarlikse kalender.

Die gebruiklike Pretskiet in November was soos altyd, ‘n groot sukses.

Sedert die nuwe takskiet formaat is daar nou ‘n goeie balans in die algemene gebruik van die skietbaan. Lede gebruik egter nog steeds die skietdae vir ammunisie toetsing, lading ontwikkeling en die instel van teleskope.

In die nuwe jaar wil ons die skietaktiwiteit onder ons juniors bevorder deur en wil ons die pretskiet program vir juniors van vooraf instel.

Ons doen ‘n beroep op die ouers om ons te help om hierdie junior aktiwiteit te bevorder.

Opleiding en Ontwikkeling

Wesrand volg steeds ‘n strategiese en sistematiese benadering om die opleidingsbehoeftes en jagkundigheid van ons lede te bevorder.

Die opleidingsmodel wat deur Gerhard Coreejes daargestel was het vir ons ‘n deeglike fondasie gelê waarop ons sal voortbou.

Ons poog jaarliks om ten minste twee opleidingsgeleenthede te skep vir lede om die Toegewyde Jagkursus te voltooi.

Ons is almal bewus dat daar ongelukkig ‘n opmerklike afname in die vraag na hierdie kursus maar soos reeds voorheen gesê is - wil ons dit eerder toeskryf aan die suksesse van vorige jare.

Belangstelende lede word tydens maandelikse takskiette die geleentheid gebied om die Baanoffisier en Toegewyde Sportskut eksamen af te lê om sodoende dié status te kan verwerf.

Kursusse wat gefasiliteer was vanaf Julie 2017 tot Junie 2018:

- **2** (1) TJ Kursusse – **19** (5) lede opgelei
  - Met 100% teoretiese slaagpunt
  - 15 het die praktiese en 4 die bekwame skiettoets geslaag
- Die bestaande Baanoffisier – en Toegewyde Sportskut kursus wat deel is van ons Jagkundigheidsprogram.
  - Sportskut – **4** (11) lede
  - Baanoffisier – **0** (5) lede
- 3 herlaaikursusse was aangebied deur Cassie Nienaber en ons voorsien dat daar nog sulke kursusse in die toekoms gaan plaasvind.

Daar is ‘n aanvraag na opleiding in haelgeweer skiettegnieke en ons sal binnekort met praktiese opleiding vir haelgeweerskuts begin.

Junior opleiding bly vir ons ‘n uitdaging maar ons onderhandel tans met die Transvaaltak om by hulle hoogs suksesvolle program in te skakel.

Wesrandhaelgeweergroep

Die Wesrandhaelgeweergroep het ongelukkig so ietwat verbrokkel teenoor die verlede en bestaan tans uit ‘n handjievol lede. Ons beplan om die groep weer te versterk.

Op 7 Oktober was die jaarlikse uitdaag-kleiskietkompetisie met groot sukses by Durban Deep Skietbaan aangebied. Hierdie kompetisie is reeds ‘n jarelange instelling op die skietkalender van Wesrand en deelnemers kom van heinde en ver.

Daar was **124** (201) skuts wat aan die kompetisie deelgeneem het. Die vermindering in deelname is as gevolg van ‘n toename in hierdie soort kompetisie wat nou deur verskeie takke aangebied word.

Wesrand A span het ons tak trots gehou deur in die 2de plek te eindig, weereens geluk aan hulle. Ons tak het **6** (5) spanne ingeskryf wat weereens dui op die toename en gewildheid van skietaktiwiteite binne die tak. Vanjaar vind hierdie kompetisie op 6 Oktober plaas.

Haelgeweerskietkompetisies raak al hoe meer gewilder en ons sal in die toekoms meer intens aandag daaraan geskenk. Ons skuts word aangemoedig om aktief hieraan deel te neem.

Daar word tydens elke takskietdag ‘n kleiskietgeleentheid vir die lede aangebied en die kleibane word maandeliks afgewissel tussen die verskillende Haelgeweerskietoefeninge van die Vereniging.

Wesrandtak-webwerf

Die webwerf is pas vernuwe en bly steeds ‘n belangrikke bron van inligting vir ons taklede. Die webwerf word op ‘n gereelde basis opdateer.

Ons sal graag wil sien dat die nuwe webwerf meer aktief deur ons lede benut word.

Lede se insette en deelname word voortdurend verlang en bydraes soos fotos, artikels en allerhande interesanthede is altyd welkom.

Bewaring

Die tak streef daarna om bewaring as ‘n belangrike aktiwiteit aan te pak om projekte wat baat sal vind by die tak se bydrae, te identifiseer.

Ons beoog om in die nabye toekoms meer gereeld in te skakel by Hoofkantoor se bewaringsinisiatiewe.

Trofeës

Ons tak het ‘n ook paar jagtrofeës ingeskryf waarvan onder andere twee die SA Jagters se spesietrofeë van jaar gewen het. Hendrik de Kock se Blou-duiker (1.7/8 dm) en Ruan de Kock se Blesbok (17.3/8 dm) het geseëvier.

Afsluiting

Ek wil afsluit met ‘n besonderse woord van dank aan die Wesrandtak se bestuurlede vir hul uitsonderlike bystand en toegewydheid teenoor die tak, sonder hul bydrae sou ons nie kon spog met die tak se suksesvolle voortuigang nie.

Dan laastens en ook die belangrikste, wil ek graag vir u die lede, namens die tak se bestuur bedank vir u getroue ondersteuning en deelname die afgelope jaar.

André Botha
Voorsitter